



RETIREMENT FUND

Voorheen bekend as die  
Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds

Verseker jou aftrede

# Lede Nuusflits - Mei 2026

## Verstaan u in-fonds annuïteitopsies by aftrede

Wanneer u die dag aftree, is 'n besluit oor u aftreespaargeld een van die belangrikste finansiële keuses wat u sal maak.

Die LA Aftreefonds maak hierdie besluit vir u makliker, deur aan lede wat aftree 'n keuse van in-fonds annuïteitopsies te bied wat daarop gemik is om aan hulle buigsaamheid, sekuriteit en stabiliteit by aftrede te gee.

Die Fonds bied twee in-fonds annuïteitopsies om lede by aftrede te ondersteun:

### In-Fonds Lewende Annuïteit (IFLA)

Die IFLA laat u toe om in die Fonds belê te bly en terselfdertyd 'n maandelikse inkomste te trek, wat jaarliks aangepas kan word. Dit gee u buigsaamheid en die vermoë om dit met verloop van tyd by veranderende persoonlike omstandighede aan te pas.



**Die In-Fonds Lewende Annuïteit (In-Fund Living Annuity, oftewel IFLA) sluit twee opsies in.**

Die **trustee-goedgekeurde opsie** is eenvoudig en gestruktureer, met beleggings- en inkomstevlakke wat deur die Fonds bepaal word om langtermyn-volhoubaarheid te ondersteun. Dit verg min besluitneming van lede tot op ouderdom 75.

By die eerste verjaardag van u In-Fonds Lewende Annuïteit nadat u 75 geword het, sal u gevra word om die saldo in u Lewende Annuïteitrekening na die Fonds se Lewensannuïteit- of Gepoelde Annuïteitrekening (Pooled Annuity Account, oftewel PAC) om te skakel om lewenslank 'n bestendige inkomste te kry. Die Fonds sal op daardie tydstip vir u inligting gee. Indien u nie na die PAC wil oorgaan nie, sal u na die IFLA verpersoonlikte opsie oorgaan.

Die **verpersoonlikte opsie** gee u meer beheer. U kan self u beleggingstrategie en inkomstevlak (binne perke) kies en elke jaar hersien. Hierdie opsie pas lede wat buigsaamheid wil hê en gemaklik is om langtermyn finansiële besluite te neem. U kan op enige tydstip gedurende aftrede kies om 'n gedeelte van of al u oorblywende IFLA-aftrekapitaal na die PAC oor te dra.

### Gepoelde Annuïteitrekening (PAC)

Die PAC is bedoel om 'n lewenslange pensioen te voorsien, en inkomste word deur die Fonds se aktuaris bereken. Jaarlikse verhogings word toegestaan in ooreenstemming met die Fonds se pensioenverhogingsbeleid. 'n Besluit om 'n lewensannuïteit (binne of buite die Fonds) te koop, kan nie gedurende aftrede verander word nie.

## Die beste van beide

Lede word nie beperk om slegs een opsie te kies nie. By aftrede kan u die In-Fonds Lewende Annuïteit (IFLA) en die Gepoelde Annuïteitrekening (PAC) kombineer om u behoeftes te pas. Dit laat u toe om buigsaamheid en beheer via die IFLA te balanseer met die sekuriteit van 'n lewenslange inkomste via die PAC, afhangende van wat vir u die belangrikste is.




### Hoekom sal u dit oorweeg om by aftrede in die Fonds te bly?

Van die belangrikste redes om in die Fonds te bly, word geïllustreer deur die ervarings van beide annuïtante en pensioenarisse:

- Vertroue in die Fonds en goeie bestuurtoesig oor die Fonds
- Kostedoeltreffende strukture
- Toegang tot deurlopende leiding en ondersteuning
- Buigsaamheid wat die IFLA bied, met die opsie van sekerheid wat met die PAC verkry word



Wat belangrik is, is dat die besluit om 'n in-fonds annuïteit te kies by aftrede geneem moet word. Wanneer voordele uit die Fonds geneem word, sal hierdie opsies nie later weer vir u beskikbaar wees nie.



### Hoekom lede besluit om by aftrede in die Fonds te bly

Om u insig te gee in hierdie opsies, het ons met lede gepraat wat gekies het om by aftrede in die Fonds te bly deur in die In-Fonds Lewende Annuïteit (IFLA) en die Gepoelde Annuïteitrekening (PAC) te belê.

#### 1) 'n In-Fonds Lewende Annuïtant, mnr Reginald Greeff, gesels oor sy ervaring

##### Hoekom het u gekies om in die Fonds te bly?

*My geld was in die Pensioenfonds terwyl ek nog gewerk het, en ek het vertroue in die Fonds. Die geld (lidbelang) het goed presteer en ek is baie tevrede met hoe die Fonds dit bestuur het. Toe ek my besluit geneem het, was dit die deurslaggewende faktor, tesame met die lae administrasiefooie wat die Fonds maandeliks hef.*

*Ek sal alle lede wat naby aftrede is, aanraai om nie hul geld uit die Fonds te neem nie, maar dit te los waar dit is.*

##### Wat was u grootste bekommernisse?

*My grootste bekommernis was dat as iets met die Fonds gebeur, ek my pensioen kan verloor. My pensioen word binne die Fonds bestuur, so ek kan nie elders belê of aktief aandele daarmee koop en verkoop nie. Ek is tevrede met hoe die Fonds tans my pensioen bestuur, maar ek bly bekommerd oor die markte wat baie wisselvallig is.*

##### Watter advies sal u aan ander lede gee?

*Ek sal persoonlik aanbeveel dat mense hierdie opsie kies en hul geld in die Fonds belê. Ek gesels met baie mense, en my raad is altyd om jou pensioengeld in die Fonds te los en dit nie te onttrek om elders te belê nie, aangesien die Fonds baie verantwoordelik bestuur word.*



## 2) In-Fonds Lewende Annuïtant se perspektief: Mnr Johan Jacobs

### Wat laat die In-Fonds Lewende Annuïteit uitstaan?

Die LA Aftreefonds het 'n lang geskiedenis as 'n goed bestuurde aftreefonds. Al 8 trustees word verkies deur die lede (2 lidtrustees), die pensioenarisse (2 pensioenaris-trustees), die werkgewers (2 raadslede) en die Raad van Trustees self (wat 2 addisionele trustees kies). Dit verseker dat bates op 'n oop en veilige manier belê word volgens die Reëls van die Fonds en die relevante regulasies. Die sekuriteit wat die Fonds se administrasie onder leiding van 'n professionele hoofbeampte verskaf, maak hierdie opsie 'n veilige en seker opsie.



### Meer oor die trustee-goedgekeurde in-fonds lewende annuïteitopsie

Nie alle lede is ewe goed vertrouwd met finansiële beleggingsaangeleenthede nie en die trustee-goedgekeurde opsie verseker hulle van 'n goed gestruktureerde beleggingsvoorstel.

### Meer oor buigsaamheid en veranderende behoeftes

Die omstandighede van 'n IFLA-annuïtant kan in die loop van 'n jaar verander, as gevolg van gesondheidskwessies of ander gebeurtenisse, en die keuse van 'n ander onttrekkingsopsie kan in die annuïtant se beste belang wees. 'n IFLA-annuïtant kan 'n eenmalige besluit neem om na die PAC oor te gaan. Die besluit kan egter nie daarna omgekeer word nie.

### Meer oor die aanpasbaarheid van inkomste

Ons leef in 'n omgewing wat vinnig verander, en nuwe ontwikkelinge in die finansiële sektor sowel as in die politieke arena moet bestuur word. Die beste manier is om van tyd tot tyd opsies te hê wat aangepas kan word namate 'n annuïtant se behoeftes verander.


'n Annuïtant kan by aftrede met 'n baie lae onttrekkingskoers begin terwyl hy of sy op 'n deeltydse grondslag nog steeds 'n addisionele inkomste kan verdien, en dit kan jaarliks hersien word.

### Meer oor fooie en waarde

Die fooie van die IFLA-opsie is laer as dié van ander privaatsektor-annuïteitopsies. Baie privaatsektor-annuïteitopsies het makelaarsfooie of "maandelikse verskuilde koste" wat nie aan die annuïtant gekommunikeer word nie. Die voorligting wat die LA Aftreefonds aan lede bied, is gratis. Dit is nog 'n rede om by die LA Aftreefonds te bly.

### Meer oor die PAC-opsie

As gevolg van die immer veranderende ekonomiese en politieke omgewing in Suid-Afrika, moet alle opsies oorweeg word en die PAC kan moontlik in die toekoms 'n meer geskikte opsie wees.



### 3) PAC-pensioenaris en IFLA-annuïtant: Mev Monica Dunhofen se perspektief

#### Hoekom het u 'n kombinasie van die IFLA en PAC gekies?

*Ek wou die beste van beide probeer kry – 'n tipe lewenslange inkomste terwyl ek nog steeds 'n nalatenskap vir my kinders kan verseker.*

#### Wat was die grootste motivering om in die Fonds te bly?

*Vertroue en gemoedsrus. Vertroue in die Fonds wat my oor al die jare goed behandel het en na my belange omgesien het. Gemoedsrus oor die inligting wat deur die Fonds se Aftreevoordeelraadgewer, mnr Grant Greenfield, verskaf is, en vertroue in die inligting wat verskaf is.*

#### Meer oor ondersteuning en besluitneming

*Ek het vertroue gehad in die finale besluit wat ek geneem het. Nadat ek verskeie kere met mnr Grant Greenfield vergader en gesels het voor my aftrede, het ek 'n beter begrip gehad van my opsies, die implikasies van elke opsie, en die Fonds se produkte wat aangebied word. Hierdie opsies en produkte is op 'n duidelike en maklik verstaanbare manier aan my verduidelik.*

#### Meer oor haar ondervinding

*Dit was vir my 'n baie goeie ervaring – maklik om te verstaan omdat dinge op 'n eenvoudige en maklike manier aan my verduidelik is. Mnr Greenfield se rustige benadering, kennis van die bedryf en geduld met vrae wat ek gevra het, het my gemaklik laat voel oor my finale besluit.*

#### Terugblik

*Ek is baie tevrede met my besluit.*

#### Advies aan lede

*Dit is belangrik om jou gesin in ag te neem, maar dit is net so belangrik om op jou aftreebehoefte te fokus.*

#### Wat die meeste gehelp het

*Om met die Fonds se Aftreevoordeelraadgewer te gesels en 'n verhouding op te bou. Die verhouding wat jy opbou, sal help om jou gemoedsrus te gee dat jou aftreetoekoms in goeie hande is.*



#### Gesels met ons voordat u besluit

Om te kies hoe om u aftree-inkomste te struktureer, is 'n ontsettend belangrike besluit.

Voordat u u aftreespaargeld uit die Fonds skuif, moedig ons u aan om u annuïteitopsies binne die Fonds te ondersoek deur met die Fonds se Aftreevoordeelraadgewer, mnr Grant Greenfield, of 'n geregistreerde finansiële adviseur te gesels.

#### Belangrike nuus!

**'n Kommunikasie sal binnekort uitgestuur word oor veranderings aan die fooistruktuur van in-fonds annuïteite, wat op 1 Julie 2026 in werking tree.**

**Trustees:** Mnr J Jacobs (Voorsitter) | Mev M Van Zyl (Ondervoorsitter) | Mnr SF du Toit | Adv CJ Franken | Mnr J Lawack | Rdl WR Meiring | Mev SLC Petersen | Rdl S Philander

**Hoofbeampte:** Mev IT Hartlief

Posbus 4300 | Tygervallei | 7536 | Belmont Office Park | Twiststraat | Bellville | 7530

WhatsApp 076 073 0997 (tussen 08h00 - 16h00) | Tel 021 943 5305 | E-pos support@laretirementfund.co.za

www.laretirementfund.co.za | https://www.facebook.com/LARetirementFund | Fondsregistrasienommer 12/8/1278